Sake24

Saterdag 21 Maart 2009, bladsy 21

Agter die nuus

'n Taalskool met 'n Kaapse siel

Entrepreneurstorie
Carin Smith

Terwyl talle jong Suid-Afrikaners hul heil elders gaan soek, het 'n Duitse student só verlief geraak op Kaapstad dat hy 'n entrepreneur geword het net om hier te kan nes skop.

Mnr. Johannes Kraus (29), eienaar van die taalskool Kurus English, kom van die dorpie Aschaffenburg sowat 60 km oos van

> "Musikante en storievertellers maak kultuuruitstappies nie net leersaam nie, maar ook genotvol.

leer," vertel Kraus in die kleurryke portaal van sy taalskool.

Gelyktydige ontdekking

Frankfurt. Sy eerste kennismaking met Kaapstad was toe hy in 2004 vir 'n maand hierheen gekom het om sy Engels te verbeter.

Die lewe aan die suidpunt van Afrika het hom so geval dat hy in 2006 teruggekeer het om vir 'n jaar in die regte en politieke wetenskap aan die Universiteit van Kaapstad te studeer.

In dié tyd het hy kennis gemaak met mnr. Iain Harris van Coffeebeans Routes. Harris is 'n gesoute entrepreneur met ervaring van die toerismebedryf sowel as van taalonderrig. Hy spesialiseer daarin om toeriste en studente ook Kaapstad se wyer kultuurlewe te laat beleef.

Die idee van 'n taalskool het toe by dié twee posgevat. Kraus was bereid om al sy spaargeld in te sit, maar dit sou nie genoeg wees nie. Hy het van die groot banke in Duitsland genader, maar hulle wou niks weet nie. Uiteindelik het 'n kleiner bank in sy tuisdorp tot 'n lening ingestem.

Kurus English se deure kon toe in September verlede jaar in die Kaapse middestad oopswaai. Kurus is die Nama vir "skepping" en dui ook op die skep van iets uit niks deur inherente vaardigheid. Vir Kraus dui dit nie net op die innerlike proses van 'n taal bemeester nie, maar ook op die kulturele konteks waarin dit geskied.

"Wat Kurus English as taalskool onderskei, is dat ons onderrigmateriaal in 'n Suid-Afrikaanse konteks is. Baie taalskole gebruik tekste met 'n Britse verwysingsraamwerk, terwyl daar immers 'n rede is waarom ek en ander eerder Suid-Afrika as Londen gekies het om Engels te kom

Volgens hom sorg die samewerking met Harris vir 'n unieke kombinasie van formele taalonderrig en goed beplande kultuurbelewenisse. Die taalskool is nie net vir internasionale studente nie, want plaaslike mense wat hul taalvaardighede wil verbeter en wil deel in die inter-kulturele ervarings, vind ook baat daarby.

"Buiten formele onderrig, gee ons studente gesprekskklasse buite die klaskamer met die mense van Kaapstad. Dit moedig studente aan om Engels te praat en nie net heeltyd saam met klas- en landgenote te kuier nie," sê Kraus.

Hy het al by baie internasionale besoekers gehoor hulle wil Kaapstad graag beter leer ken, maar weet nie hoe nie. Hulle wil nie net die stad uit 'n toerbussie beskou nie, maar wil direk met plaaslike inwoners kan praat.

Harris beaam wat Kraus sê. Hy het al in Luanda in Angola Engels gegee en dit frustrerend gevind dat daar geen plaaslike konteks was in die Britse handboeke nie. Die studente kon dus nie 'n verwantskap vind tussen die inhoud van wat hulle leer en die konteks waarbinne hulle leef nie.

Bevorder toerisme

Hy het oor die jare 'n goeie netwerk Kaapse musikante en storievertellers opgebou en sorg dat Kurus-studente se kulturele uitstappies nie net leersaam is nie, maar ook baie genotvol.

Kurus se onderrigmodel sorg só ook vir ekonomiese ontwikkeling in die toerismebedryf. "Baie Suid-Afrikaners het 'n inherente sin vir gasvryheid, al het hulle nie formele opleiding gehad nie. Ons het 'n goeie geleentheid gesien om dié mense in die ekonomiese stroombaan te kry. Die skool doen ook moeite om die regte gasouers vir studente te kry," vertel hy.

Harris sê Kurus se benadering pas goed in by die tendens in toerisme om al hoe meer mensgebaseerd te wees. Mense wil die wêreld waarin hul leef en reis, beter verstaan. Baie werk ook deesdae vir groot internasionale maatskappye en hulle moet 'n begrip van ander lande se kulture opbou.

Kurus English het al studente van tot Switserland, Rusland en Brasilië gelok. Kraus sê Kaapstad word veral gewild onder Brasiliane. "Dit verg tyd en geduld om 'n goeie naam as taalskool by agentskappe oorsee op te bou. Ons bemark Suid-Afrika as 'n Engelstalige en baie bekostigbare bestemming.

"Ek dink beleggings in mense is waar die toekoms lê en al is my algemene koste nog hoog, geniet ek baie wat ek nou hier in Kaapstad doen."



Kurus English se kleurryke dekor skep 'n omgewing waar studente gemotiveerd oor taalonderrig kan raak.

Kurus English se elenaar, mnr. Johannes Kraus (links), en mnr. Iain Harris van Coffeebeans Routes buite die taalskool in die Kaapse middestad.